### *Die maat van die liefde tot Elohim, die naaste en homself*

**77** **Ek** (JaHshua) sê: "Dan is dit beter dat Ek vir jou `n maat gee waardeur jy en almal sal weet hoe dit staan met betrekking tot die **1)eieliefde, die 2)naasteliefde en die 3)liefde tot Elohim**.

[2] Neem die getal 666, wat onder goeie en bose omstandighede respektiewelik `n volmaakte mens of `n duiwel homself aandui!

[3] Deel die liefde in die mens presies in 666; gee dan daarvan 600 aan Elohim, 60 aan die naaste en 6 aan jouself! Wil jy egter self `n duiwel wees, gee daar dan 6 aan Elohim, 60 aan die naaste en 600 aan jouself!

[4] Kyk, die opregte werkers en knegte en maagde bewerk die landerye van hul meester. Na jou mening moet die oes dan ook hulle s`n wees, omdat dit die resultaat van hul vlyt en moeite is. Maar hulle bring dit in die skure en loodse van hul meester en verheug hulle as hulle vir hul meester kan sê: 'Meester al u skure en loodse is al vol, en die helfte staan nog op die land! Wat moet ons doen?' En hul vreugde word groter as die meester vir hulle sê: 'Ek prys julle groot en onbaatsugtige vlyt en ywer; gaan en bring bouers hierheen sodat hulle so gou as moontlik voorraadkamers kan bou sodat ek die seën van die landerye kan bewaar vir die jare wat miskien minder geseënd sal wees as wat hierdie vrugbare jaar was!' Kyk, **niks behoort aan die werkers nie**, hulle het geen skure, geen loodse en geen voorraadkamers nie, en tog werk hulle vir `n geringe loon asof dit húlle skure, loodse en voorraadkamers was; want hulle weet dat hulle geen nood sal ly as al die meester se voorraadkamers vol is nie.

[5] En kyk, in hierdie handeling van `n opregte diensbare sien jy **die hele verhouding van elke ware mens tot homself, die naaste en Elohim**. Die egte dienende sorg 6-voudig vir homself, 60-voudig vir sy mededienende omdat hulle hom goedgesind is, en 600-voudig vir sy meester, en sorg daardeur, sonder dat hy dit wil, tog 666-voudig vir homself. Want die mededienende sal hul metgesel, by wie hulle die minste eieliefde teëkom, die meeste toegeneë wees, en die meester sal hom weldra bo almal stel. Maar `n dienaar wat slegs vir homself sorg, by die werk graag die laaste wil wees en slegs maar die ligste werk wil doen en sy metgeselle met skewe oë aankyk, sy meester sal baie goed kan sien **dat hy `n selfsugtige dienaar en `n lui kneg is.** Hy sal hom daarom nooit die leiding gee nie, maar wel sy loon verminder en sal hom heeltemal onderaan die eettafel laat sit. En as hierdie selfsugtige, lui kneg hom nie verbeter nie, sal hy met `n slegte getuigskrif **uit die diens ontslaan word** en op dié manier moeilik ooit weer `n werk kry. Maar as hy ook nog maar één vriend het, teenoor wie hy hom onselfsugtig gedra het, dan kan dié hom in sy huis opneem sonder dat die meester hom daarvoor sal verguis. - Verstaan jy dit?

[6] Elke mens het `n bepaalde graad van eieliefde, en moet dit ook hê, omdat hy andersins nie sou kon lewe nie - maar, soos wat aangetoon is, slegs die minste graad! Eén graad méér doen die suiwer menslike verhouding reeds skade aan, en dit is op die weegskaal van die goddelike orde presies afgeweeg! - Nou is die grense sigbaar gemaak, en ons sal sien hoe jy dit in die praktyk gaan toepas!"

[7] **Judas** sê: "Daarvoor is baie wysheid nog nodig om te beoordeel of die mens die presiese maat hou by die eieliefde! Hoe kan die kortsigtige mens dit beoordeel?"

[8] **Ek** sê: "Laat hy in alle redelikheid dit doen wat hy kan, die ontbrekende sal wel deur Elohim toegevoeg word. Jy hoef jou egter gladnie te bekommer dat daar `n mens is wat minder as 6 dele vir homself sal hou nie! En definitief nie by mense van jou soort nie!"

[9] Judas swyg nou en verlaat nadenkend die tafel om vir homself vir die lang nag `n slaapplek klaar te maak.

[10] Nou kom die jong **Josoë** na vore en sê: "Die domheid van hierdie mens het my baie ergerlik gemaak! As leerling is hy nog so dom soos `n naguil op `n helder verligte dag. Ek het onmiddellik alles verstaan wat U, o Meester, vir hom gesê het. Maar hy het niks verstaan nie, terwyl hy maar aanhou vra en allerlei teenstellings maak, en nou ten slotte nog net so dom weggaan asof U, o Meester, geen woord vir hom gesê het nie! As `n kind vra, is dit te verstane, maar as `n volwassene, wat daarby ook nog wyser wil wees as sy medemens, ook aanhoudend vra - en dit duidelik nie uit goeie bedoelinge nie, maar uit kwaadwilligheid - dit moet tog ergerlik maak! Ek sal nog driekeer sterf as hierdie mens hom ooit op hierdie wêreld sal verbeter! Hy is heel waarskynlik `n vrek en bereken nou hoe hy, as hy dit sou kon doen wat U kan doen, o Meester, in die kortste moontlike tyd berge goud en silwer sal kan vergaar! En so waar as wat ek Josoë heet, ek sit alles op wat ek het en sal alles deurgaan wat `n mens maar kan deurstaan, as hierdie mens hom ooit sal verbeter!"

[11] **Ek** sê: "Liewe Josoë, hou nou maar op daaroor; want ons het allerhande helpers nodig met die bou van nuwe hemele en `n nuwe aarde, en Judas is ook een wat ons kan gebruik! - Maar sê my nou eers wat jy vir jou aardse ouers sal sê wanneer jy hulle weer gaan ontmoet! Wat sal jy sê?"

### *Die hemelse wysheid of die duiwelse leuen*

**78** **Josoë** sê met `n vrolike laggie: "Meester, ek glo dat dit baie eenvoudig is! Oom Jaïrus moet my na die huis van my ouers bring, wat sekerlik nog oor my sal treur. Hulle sal verwonderd groot oë maak as hulle my sien, omdat ek net so baie na hulle Josoë lyk soos die een oog op die ander. Jaïrus kan dan sê dat ek `n vondeling is, wat selfs eenders heet as die gestorwene, en dan sal my ouers my sonder meer in die plek van hul kind opneem en nog meer van my hou as van hulle Josoë. Bietjie vir bietjie kan hulle dan deur allerlei terloopse opmerkings die volle waarheid te wete kom, en ten slotte sal hulle dan tog moet glo dat ek hul ware seun Josoë is. Maar U, o Meester, kan bepaal hoe gou hulle die volle waarheid mag hoor. - Is dit so goed, o Meester?"

[2] **Ek** sê: "Die hele idee is gladnie nie so gek uitgedink nie, beste Josoë, maar daar is `n komplikasie wat hom nou voordoen, en wel dat daar duidelik gelieg sal moet word, en elke leuen kom uit die bose en veroorsaak weer boosheid. Kyk, `n vondeling is jy duidelik nie, hoe sal jy dit dan later vir jou ouers en Elohim regverdig?"

[3] **Die jongeling** sê: "Meester, as U glimlag, is dit sekerlik `n goeie teken, en voor U is ek dan geregverdig soos wat Jakob eens met sy hande wat in lamsvel gewikkel was teenoor sy blinde vader Isak was! Kyk, Meester, dit was tog `n groter leuen as myne, as ek as vondeling na my ouers toe gebring word, en tog was Jakob se seën as eersgeborene deur Elohim as regverdig aangeneem! As Elohim egter toe `n duidelike bedrieëry, `n aanwysbare leuen, met barmhartige en seënende oë kon aanskou, dan sal die huidige vondeling Josoë hom tog nie teenstaan nie, aangesien hy bowendien tog `n egte vondeling is soos waarvan daar geen tweede is op die hele groot aarde van Elohim nie! Daarmee bedoel ek, my Elohim en my Meester, dat daar op hierdie aarde wel niks so verlore is as iemand wat gesterf het nie; daarom sou daar in die waarste sin van die woord niks wees wat meer 'gevind' is as `n ....- Meester, U verstaan wel wie ek hier bedoel!"

[4] **Ek** sê: "Dit het jy goed beredeneer! Ek het wel geweet dat jy `n goeie rede sou vind, maar nou sou Ek ook nog van jou wou hoor hoe jy jouself aan jou ouers met allerlei terloopse opmerkings en ten slotte as die egte Josoë sal voorstel."

[5] **Josoë** sê: "O Meester, dit is tog baie maklik! As ek eenmaal in die huis is, sal ek geen moeite daarmee hê om my net so te gedra soos wat ek myself vroeër gedra het nie. Geleidelik aan sal ek na bepaalde dinge vra soos wat ek dit vroeër gedoen het, ek sal ook my speletjies opsoek en die op die bekende manier gebruik. Dit sal my ouers sekerlik kan sien en ten slotte sal hulle moet sê: 'Dit is ons Josoë, wat miskien deur Borus met sy geheime middele uit die graf opgewek is en in die loop van tyd tot nou toe heeltemal genees is!' En voorlopig sal ek hulle met hierdie mening laat. Op die geskikte oomblik sal hulle wel die waarheid verneem, en volgens my sal dit die beste wees om dit so te reël."

[6] **Ek** sê: "Maar daar sit ook weer `n leuen in! Want om iemand opsetlik in die duister te laat, is dieselfde as om vir iemand te lieg! Hoe sal jy jou dan daarvan kan skoonwas?"

[7] **Josoë** sê: "Meester, dit is altyd en ewig `n goeie teken as U glimlag terwyl U vrae stel; ek dink egter dat daar twee heel verskillende soorte leuens is. As mens iemand opsetlik en kwaadwillig `n leuen as `n betroubare waarheid opdis, dan is en bly dit `n sataniese verdorwenheid! Maar `n skynbare leuen, waarmee `n mens die naakte waarheid maar slegs solank omhul, solank die naakte waarheid vir die betrokke mens nog nie te verdra is nie, ja, wat hom sekerlik meer sou skaad as baat, kan nie uit die bose wees nie, omdat dit ontspruit het uit `n hart en `n wil vol edele, goeie en toegeneë motiewe!

[8] Anders sou op dieselfde manier elke gelykenis, wat tog die mees verhewe waarheid kan verberg, `n duidelike leuen wees. **En tog het die meeste wyse vaders en profete hoofsaaklik in suiwer gelykenisse gespreek!** En dat juis Borus hier as die algemeen bekende, beroemde dokter as sodanig in U plek staan, is uit die aard van die saak tog ook nie anders as toe die drie aartsengele na die aartsvader Abraham gekom het om JaHWeH se plek in te neem nie, en heeltemal niks anders as die leuen van Josef in Egipte aan sy broers wat koring gesoek het nie, wat vir my nog altyd heel onbarmhartig blyk te gewees het! Maar Elohim het dit self so gewil en het Josef se gedrag teenoor sy broers sekerlik nie as sonde gereken nie. En daarom dink ek dat so `n skynbare leuen slegs `n hemelse wysheid is, terwyl die egte leuen tuishoort in die ryk van die ergste helse sluheid!"

[9] **Ek** sê: "Kom hier, My liewe Josoë, en laat jou kus, want jy is met al jou jeug nog wyser as `n ou skrifgeleerde!"

[10] Met hierdie woorde hardloop **Josoë** vinnig om die hele tafel heen, omarm My en soen My byna half - dood en sê dan heel uitgelate, maar tewens met `n baie wyse vreugde: "Kyk hierheen, alle hemelse geeste, magte en kragte, en bedek julle aangesigte! Want dit wat hier gebeur, het julle nog nooit beleef nie! Die ewige, gewyde Vader, wat hier by ons in die Seun JaHshua persoonlik aanwesig is, laat Homself tasbaar liefkoos deur een van Sy skepsels!

[11] So trek Hy, die Ewig Bestaande, die tydelik bestaande na Hom toe, liefkoos hom en maak hom daardeur vir ewig aan Hom gelyk! O ware, enige Vader van alle mense, hoe salig smaak U Liefde tog nie!"